Blomme/ Bome / Struike

	Strelitzia Word ook ‘n kraanvoëlblom genoem weens blom se vorm.
	Wildepruim Boom van die jaar 2008 met groot, saamgestelde blare. Vruggies is ryp en eetbaar wanneer rooi (lekker suur!).
 	**Bruid van die Bosveld (Drolpeer)** Die eerste boom wat blom in die lente in die bosveld met oorvloedige trosse wit blomme (wat nie te lekker ruik nie!) Regop boompie met ronde blare (maar min blare wanneer die boom in blom is).

	Naboom Hierdie vetplant se melksap is giftig.
	**Spekboom** Dis eerder ‘n struik as ‘n boom. Die blaartjies is klein, dik en vetplantagtig. Goeie plant om heinings mee te maak.

	Varkoor Pragtige inheemse wit blom met ‘n goudgeel kern. Die naam kom van die vorm van die blombare af.
	Papierbasdoringboom Doringboom met kenmerkende skilferende bas was soos velle papier lyk.
	Kiepersol Hoë boom met net een of slegs ‘n paar vertakkings van die stam. Verskeie saamgestelde blare (lyk soos hande) word op lang stingels en trosse slegs op die punte van die stam(me) gedra.

	Boomaalwyn Vetplant wat in droë dele voorkom met kenmerkende aalwynblare (dorings op blare). Anders as ander aalwyne word die boomaalwyn baie hoog (soos ‘n boom).
	Broodboom Skerp stekelrige saamgestelde blare op ‘n dik stam. Vrugte is hard en groot en lyk soos ‘brode’.
	Geelhout Opregte Geelhout is Suid-Afrika se nasionale boom. Geelhoute het skilferagtige bas en heldergroen blare.

	Noem-noem Inheemse struik met digte groen blare, skerp gevurkte dorings, stervormige welriekende blomme en vlesige, eetbare vrugte (eetbaar wanneer rooi). Goeie plant om heinings mee te maak – lekker dorings!
 	Witstinkhout Baie groot inheemse boom met grys stam en bladwisselende blare. Die boom plant vinnig voort met sy eetbare vruggies en groei ook baie vinnig.

	Koorsboom ‘n Doringboom met ‘n kenmerkende groen stam. Voëls is baie lief om in sy takke nes te maak.
	Waterbessie Kom naby strome voor. Die pers vruggies is eetbaar en kan gebruik word om ‘n alkoholiese drank te maak. Die verpoeierde stam kan as visgif gebruik word.
	Agapanthus Pragtige inheemse tuinplant met ‘n tros pers blomme op ‘n lang blomstingel.

Klapper

Vuisgrootte, klipharde (maar eetbaar wanneer geel-bruin) vrugte.

Wildevy

Groterige blare met trosse vye. Die vye kan geëet word wanneer dit ryp is.

Koraalboom

Groot boom oortrek met kenmerkende rooi blomme.

Die blomme staan veral uit omdat die boom nie in die lente blare het nie.

Karee

Alle kareebome word gekenmerk aan hulle saamgestelde blare wat elkeen uit 3 lang, lansvorminge blaartjies bestaan soos ‘n hand met 3 vingers.

Die vrugte kan deur mense geëet word en is lekker suur.